**Tema: 'n Vrygewige Gees**

Ek leen die volgende storie by 'n ander predikant:
Eendag wou James baie graag iets spesiaal vir sy 5-jarige seuntjie, Jimmy, doen. Hy vra: "Seun, wat wil jy baie graag nou doen?" Jimmy antwoord: "Ek wil McDonalds Chips hê, McFries asseblief." Pa sê: "As dit is wat my seun wil hê, is dit wat my seun sal kry." Hulle klim in sy wit Isuzu bakkie en ry na McDonalds toe. Jimmy lek sy lippe af, hy kan die chips reeds proe voor hulle die winkel bereik. Pa plaas die bestelling. Hy vra vir super size Mcfries. James haal sy geld uit sy beursie en betaal vir die McFries en koeldrank. Jimmy is gereed om sy tande in die warm, goue chips te sink, lank voor hulle dit maak tot by die tafel.
By die tafel waar hulle gaan sit, word die gebed vinnig afgerammel. Self dit voel vir Jimmy te veel woorde, want hy wil homself verlustig in die seën van die heerlike chips. James is bly om te sien hoe gelukkig sy seuntjie oor iets so eenvoudig is. Hy besluit dat hy wil deel in die pret. Hy steek sy hand uit om 'n paar van Jimmy se chips vir homself te vat.
Tot sy verbasing, sit sy seun sy arms om die chips asof hy 'n fort bou. Hy trek dit na homself toe en sê: "Nee, hierdie is myne." James is vir 'n oomblik in skok. Hy kan nie glo wat gebeur het nie! James trek sy hand terug en begin dink oor sy seun se houding met die Mcfries. 'n Paar goed gaan deur sy gedagtes. Hy dink: my seun sien nie raak dat ek die bron van die Mcfries is nie. En nie alleen is ek die bron van die Mcfries nie, hy vergeet dat ek 1.9m lank is en 80 kg weeg. Ek het die mag om die chips te vat, ten spyte van sy armpies wat dit soos 'n fort omring. Of, as ek wil, kan ek teruggaan na die toonbank en vir hom soveel chips bring dat hy dit nooit alles geëet sal kry nie. Jimmy verstaan ook nie dat ek nie die chips nodig het nie. Ek kan teruggaan en vir myself soveel kry as wat ek wil hê.
Een of twee chippies sou regtig nie daardie dag 'n verskil aan die pa gemaak het nie. Wat hy wou doen was vir sy seun. Hy wou hom uitnooi om 'n heerlike tyd saam met sy pa te geniet. Hy wou gehad het dat sy seun bereid moes wees om die geskenk, wat James gegee het, te deel.

Kan jy iets in hierdie storie sien van ons verhouding met God? God seën ons. Hy bederf ons met supper size McFries van sy seën. En God wil saam met ons aan die tafel van die lewe sit en dit saam met ons geniet. Wanneer hy sy hand uitstrek om te deel in die seëninge wat Hy vir ons gegee het, maak ons te dikwels soos Jimmy: "Nee Here, hierdie is myne. Nee, nee, nee – kry jou eie." Ons bou forte om seëninge wat die Here vir ons gee.

Die Grieke het aan hulle besittings gedink in terme van 'n sirkel. Alles binne die sirkel kan jy vir jouself gebruik, want dit is genoeg vir jou om van te lewe. Dit wat buite die sirkel is, is egter 'n teken van oorvloed – dit wat jy nie self nodig het nie, maar wat bedoel is vir ander mense. En dit is presies hier waar gierigheid sy tande kan inslaan. Jy kan die sirkel waaruit jy moet leef al hoe groter trek, sodat daar al hoe minder vir ander oorbly.

Die Kerkvader Augustinus het gesê: "Ontvang dit wat God vir jou gee met vreugde. Gebruik daarvan wat jy nodig het. Die res word deur jou naaste benodig."

Kom ons gaan kyk wat die Bybel ons leer van 'n vrygewige Gees.

**Skriflesing:** Hand 2 vers 44-47 en 4 vers 32-37 en 2 Kor 8 vers 1-5 en 13-15

**Waar begin 'n vrygewige gees?** Ons lees in 2 Kor 8 van die barmhartigheidswerk wat arm gemeentes in Masedonië aangepak het. En dan lees ons in 2 Kor 8 vers 4-5: "Uit eie

beweging het hulle by ons daarop aangedring om te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea. Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil."
Ons is van nature selfsugtig en gierig. Eers wanneer ons ons lewens aan die Here oorgegee het, sal ons begin gee.

Waar die Heilige Gees werk, gaan mense se harte en hande oop. Ons lees dat die Geesgevulde gelowiges in Jerusalem hulle grond en besittings verkoop het en hulle geld aan almal uitgedeel het volgens elkeen se behoefte. Hulle het gesorg vir mekaar. Hier is nie sprake van dwang nie. Hulle het alles vrywillig uitgedeel. Hier is ook nie sprake van tekort nie, almal het genoeg gehad. Hulle het by mekaar se huise met blydskap en in alle eenvoed saam geëet.

Om te gee begin nie by jou beursie nie, dit begin by dankbaarheid wat vloei uit 'n lewende verhouding met Here en 'n Geesvervulde lewe.

**Wat gebeur waar 'n vrygewige gees is?**
Waar die Heilige Gees ons vrygewig maak, is daar ewewig. Ons lees in 2 Kor 8:15: "Daar staan ook geskrywe: "Dié met baie, het nie te veel gehad nie, en dié met 'n bietjie, nie te min nie."

En waar mense vrygewig is, is hulle gelukkig. In Hand 20:35 lees ons: "Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."

**Hoeveel van my goed moet ek vir die Here gee?**
Dit is 'n verkeerde vraag wat ons vra. Wat ons is, is net genade en wat ons het, is net geleen. Ons bestuur maar net God se goed op aarde. Dit is arrogant om te sê: "Ons gee iets vir die Here" Hoe kan ons iets vir God gee as Hy alreeds alles besit. (Ps 24:1 en 1 Kor 10:26)
Die korrekte vraag is nie hoeveel ek vir die Here moet gee nie, maar hoeveel van die Here se goed ek vir myself kan hou?

Die kerk word beskuldig dat ons die engee, engee, engee kerk is. Maar dank die Here dat ons inderdaad die NG kerk is. In die afgelope boekjaar het die NG Kerk deur sy maatskaplike dienste 1 320 000 mense bereik. As ons die getal met 4 maal vir die aantal mense in 'n huishouing, dan is 5,3 miljoen mense bereik. Dit is 10% van die land se bevolking. In die proses is R1,2 miljard gegee. Ons hang dit nie aan die groot klok nie, want die Here leer vir ons in Matt 6 dat die linkerhand nie moet weet wat die regterhand doen nie.

Maar Geesvervulde mense gee baie meer as net materieel. Dit is baiekeer maklik om 'n paar randjies uit jou beursie by te dra. Die Here vra dat ons in die eerste plek onsself sal gee. Die gemeente in Jerusalem het nie net op materiele gebied vir mekaar gesorg nie. Geesvervulde mense gee van hulself en van hulle tyd.

In die tydperk van 300 jaar na Christus het 2 ongelooflike groot epidemies die Romeinse ryk getref. In die eerste epidemie is 'n kwart tot 'n derde van die Romeinse ryk dood.

Honderd jaar later was dit weer so. Toe die tweede epidemie op sy ergste was, is 5000 mense per dag in Rome alleen oorlede. Christene het in die tyd veel beter as enige ander groep oorleef, want hulle het vir mekaar en vir ander siekes gesorg. Na elke epidemie het mense in groot getalle by die Christelike gemeentes ingeskakel. Die gemeentes was aansteeklik as gevolg van hulle ywer vir die Here, hulle liefde vir mekaar en vir ander en hulle opofferende mededeelsaam.

Die Here roep ons op om vrygewig te wees met diens. In Joh 13:14-17 sê Hy: "[14]As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. [15]Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. [16]Dít verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. [17]Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen." Geesvervulde mense was nie mekaar se koppe nie, hulle was mekaar se voete.

In dieselfde Joh 13:34-35 sê Jesus: "Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê." Waar 'n vrygewige Gees werk, dien ons mekaar met sy liefde. En die Gees werk dit ook in ons om mekaar te vergewe. In Matt 18:21-35 lees ons van ons plig om te vergewe.

Die Here vra niks van ons wat Hy nie eers vir ons gee nie. Dit is soos 'n afloswedloop. Hy gee vir ons die aflosstokkie van diens, liefde en vergifnis en nog baie ander seëninge en die Gees help dan vir ons om dit aan te gee. Wat maak jy met super size seëninge waarmee die Here jou seën? Hoe groot is jou sirkel?
**Amen**

**Gebed**
Net twee dinge vra ek van U: moet my dit tog nie weier nie; daarna kan ek sterf: moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie; moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het, sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: "Wie is die Here?" nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie. (Spreuke 30 vers7-9)